## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net


**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## Vertel vir ander en nooi hul saam om deel te word van Neo-Spektrum

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van ______________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

Woonadres

______________________________

### ADRES

*Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg* — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 14 Julie 2013
## 'TIEN GEBOOIE'
## RIGTINGEWYSERS AS 'N GELOOFSBELYDENIS

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Parce Mihi Domine — Jan Garbarek ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons STAAN in U teenwoordigheid
deurweek en deurleef dat U ons Lewe en Liefde is
wat in en deur ons vloei
en dat niks ons ooit van U kan skei nie.
Ons kom in STILTE
met gedagtes wat tot bedaring gekom het.
Ons kom in VREDE
met harte wat berustend klop.
Ons kom in ONTVANKLIKHEID
*om met één gedagte en dieselfde intensie*
vernuwe en verander te word.
Laat ons ONTHOU dat ons 'n refleksie is
van U Lig wat Lewe en Liefde is.
Daaroor vra ons 'ASSEBLIEF'
en sê 'DANKIE'
vir wat reeds besig is om te gebeur.

### - STILTETYD -

~ Moonlight (at the sea) — Beethoven ~

# - EK IS DIE HERE JOU GOD -

## אָנֹכִי יְהוָה אֱלֹהֶיךָ (ANOKIE JAHWE ELOHÊGA)

| | | |
|---|---|---|
| Die eerste vyf<br>Goddelike Insig<br>(waarheid) | Verhouding met God<br>Persoonlike verhouding<br>(Binnekant)<br>Divine Thought<br>Anima | Onderbewussyn<br>Gevoel/emosie<br>*Cause*<br>Objektief |
| Die tweede vyf<br>Goddelike Uitsig<br>(wysheid) | Verhouding met ewemens<br>Interpersoonlike verhouding<br>(Buitekant)<br>Human Thought<br>Animus | Bewussyn<br>Gedagtes/dade<br>*Effect*<br>Subjektief |

## VAN VERWYDERING NA VERSOENING

① Nie ander gode behalwe my gesig [teenwoordigheid] nie
② Nie voor hulle buig [aanbid] nie
③ Nie die naam van jou Here God in ydelheid misbruik nie
④ Onthou die dag van die Sabbat om dit heilig te hou
⑤ Eer jou vader en jou moeder

EGIPTE simboliseer **AFGODE** van bygeloof, projeksies, verwydering.
EGIPTE simboliseer **BOEIE** met die aardse, verganklike, vals werklikheid.
EGIPTE simboliseer **SLAWERNY** van verknogtheid, beheptheid, afhanklikheid.

=================================

**Verhoudinge**: *die Ubuntu beginsel*

**Wette en Beginsels**: *oorsaak en gevolg*

**Transformasie**: *radikale change of mind*


**Naam van God**: *respek en aanbidding*

**Sabbat**: *harmonie, balans, dignity*

**Ouers**: *die anima/animus beginsel — beskerming en versorging; ouerhuis is 'n emosionele, spirituele, intellektuele gym; plek van aanvaarding; 'n veilige ruimte van vryheid; die hart van herinnering dat Liefde vergewe en versoen.*

**Kinders**: *plig is verantwoordelikheid*

*"Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hul net soos Ons een kan wees." (Joh 17:11)*




# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ MY ANGEL (MOONLIGHT) — ERA ~

______________

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Ons Almagtige Liefde en Ewige Lewe
hemel is om te onthou dat ons één is met U.
Heilig is U naam: *"Ek is wat Ek is ..."*
Laat U koninkryk kom deur ons
en bring ons in balans en harmonie met U.
Ons dank U vir die brood wat U gee; brood van vergiffenis
soos die brood wat ons uitdeel aan almal
wat vir ons 'n naaste is —
en lei ons wanneer ons in versoeking kom;
maak ons vry van dit waaraan ons so swaar dra.
Want aan U behoort die krag van die skepping,
die heerlikheid van ons verwondering,
die eer van ons aanbidding,
van vandag af tot in alle ewigheid.
Amen

______________________________

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ WE ARE THE STARS — JAN GARBAREK ~

Shine, shine your light on me
Illuminates me, make me complete
Lay me down, and wash this world from me
Open the skies, and burn it all away
'Cause I've been waiting, all my life just waiting
For you to shine, shine your light on me
(Nova: VNV Nation)